NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

1.1 **Bloom se Taksonomie Vlak 4: pas toe**

- Daar is 'n gevonde objek: die spieëlkas en spieël wat regstreeks met 'n koloniale verlede verband hou en herkenbaar is as 'n styl meubels wat gesog was onder setlaars in Suid-Afrika.
- Die beeld van 'n vrou/die kunstenaar wat 'n tradisionele gesigs-bedekking dra, is bo-op die spieël geplaas.
- Msezane gebruik die gevonde objek en die foto's in 'n jukstaposisie wat vir die kyker bekend lyk – dit lyk soos deel van 'n werklike ruimte.
- Hierdie jukstaposisie bied 'n ontmoetingspunt tussen Afrika en Europa.

1.2 **Bloom se taksonomie Vlak 2: identifiseer, onthou**
Vlak 4: pas toe

- Vorm in Afbeelding A word die direkste gesien in die organiese vorm van die spieël.
- Dit word weerskante herhaal om balans in die komposisie te skep en die idee van 'n spieël te versterk.
- In Afbeelding C lyk die geometriese vorms van die meubels heeltemal plat.
- Afbeelding C bevat ook die plat vorms van die beelde wat bo-op die figure geplaas is.
- Hierdie plat vorms skep ruimtelike dubbelsinnighede wat die beeld minder realisties laat lyk.
- Tekstuur in Afbeelding A is glad en weerkaatsend in die gevonde meubelstuk en die spieël.
- Dit skep kontras met die geteksureerde portret van die vrou, haar hare en hooftooisel wat in die skynbaar weerkaatsende spieël voorkom.
- In Afbeelding C is die tekstuur glad in die groot, plat vorms van meubels en muur en meer kompleks en growwer in die oorlegsels.
- Dit skep weereens kontras en maak die beeld plat wat tot die dubbelsinnigheid bydra.

Enige ander geldige beskrywing wat met 'n funksie van 'n visuele element in die samestelling van die werk verband hou.

1.3 **Bloom se taksonomie Vlak 4: pas toe**
Vlak 5: ontleed, beredeneer
Vlak 6: evalueer, interpreteer

- Eerstens, sy plaas letterlik ongelyksoortige beelde oor mekaar soos die Nigeriese popkultuur met persoonlike beelde.
- Hierdie beelde is moeilik om te lees en smelt visueel saam.
- Die plat beelde word verder oor die plat vorms van meubels geplaas en dan oor die kinders in die beeld.
- Die beelde lyk asof dit deel word van die materiaal waarvan die beeld gemaak is.
- Daar is voorbeelde van meubels in ou Europese styl en verouderde elektronika wat met die tydlose kinders gekontrasteer word. Dus kom mense en objekte van verskillende tye en kulture op dieselfde beeldvlak bymekaar.
- Die verskillende kulture kan ook in die verskeidenheid media wat oormekaar geplaas is, vergestalt wees en 'n oppervlak skep van waaruit hulle nie geskei kan word nie.

1.4 **Bloom se taksonomie Vlak 6: beoordeel, interpreteer**

- In Afbeelding A vertoon die kunstenaar 'n objek uit 'n private ruimte en in Afbeelding C is die ruimte 'n binneruimte en verwys na die huislike, wat met vrouens geassosieer word. Albei afbeeldings gee vir die kyker 'n blik op 'n private ruimte, of dit nou 'n spieëlkas of 'n binnenshuise toneel is.
- In Afbeelding A en B weerspieël die kunstenaar haar beeld of die beeld van 'n vrou in die spieël en skep 'n ervaring wat baie vrouens deel, maar sy kyk nie direk na haarself of die kyker nie. In Afbeelding C kyk die vroulike objek en die kinders direk uit die raam na die kyker.
- Die beeld in A en B is 'n vrou wat opgetooi is en daar is verwysing na hare, nog 'n gedeelde ervaring van vrouens by 'n spieëlkas, terwyl in Afbeelding C die kinders informeel aangetrek is.
- Die kinders in Afbeelding C is bewys dat 'n vrou op 'n stadium teenwoordig was, terwyl in Afbeelding A en B net 'n weerkaatsing teenwoordig is wat ook die afwesigheid van die vrou toon.

Enige geldige antwoord.

VRAAG 2 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS VAN DADA TOT DIE 1970'S , KONSEPTUELE KUNS UITGESLUIT

2.1 **Bloom se taksonomie Vlak 2: onthou, beskryf, verstaan**

- Duchamp se ***Fountain***, 'n gevonde objek, 'n urinaal, uit sy konteks geneem, geteken R. Mutt en as kuns uitgestal. Dit was in reaksie op die Eerste Wêreldoorlog (1ste WO).
- Willem De Kooning, ***Woman 1***, 'n skildery van 'n uiters verwronge figuur van 'n vrou wat die skildery-oppervlak vul. Dit is in die nadraai van die Tweede Wêreldoorlog (2de WO) geverf.

2.2 **Bloom se taksonomie Vlak 3: interpreteer feite, verduidelik**
Vlak 4: pas toe, ondersoek, bespreek
Vlak 5: ontleed

- Duchamp, as deel van die Dada-beweging, is direk deur die 1ste WO beïnvloed, aangesien die kunstenaars heftig teen die oorlog protes aangeteken het.
- Deur 'n lukrake objek te kies, die urinaal, en dit kuns te noem, het Duchamp die standaarde en sedes van 'n samelewing wat so 'n verskriklike oorlog veroorsaak het, bevraagteken.
- Duchamp het al die eienskappe wat deur hierdie samelewing met kuns geassosieer word, verwerp. In sy anti-kunswerk verwyder hy die hand van die kunstenaar, aangesien hy dit nie geskep het nie, hy het dit bloot gevind.
- Hy het 'n algemene objek gebruik en voldoen nie aan die kriterium om oorspronklik te wees nie – dit kan onbepaald herhaal word.
- Sy lukraak gevonde objek is nie esteties welgevallig nie, en kan ook nie volgens tradisionele kriteria ontleed word nie.
- Enige andere manier waarop die 1ste WO in die werk manifesteer.
- Willem De Kooning bring in ***Woman 1*** die magdom invloede byeen wat in die VSA na die Tweede Wêreldoorlog byeengekom het.
- Die werk is ekspressief en met beweging geskilder, wat 'n duidelik invloed van die Duitse Ekspressionistiese kunstenaars vertoon wat na die VSA getrek het om Europa tydens die Tweede Wêreldoorlog te ontvlug.
- Die onderwerp van 'n vrou is byna onherkenbaar verwring en bring 'n Surrealistiese invloed in soos wat dit De Kooning se onbewuste verhouding met vrouens toon.
- Dit is amper abstrak, die vrou het nie duidelike kante en buitelyne nie, sy is in haar ruimte gebreek asof menslikheid gebreek is.
- Sy vergestalt nie die stereotipe van vrouens destyds nie, maar is eerder 'n argetipiese sterk, vurige vrou met 'n blerts menstruele rooi oor haar skoot asof die oorlog pretensie en listigheid gestroop het.
- Die manier waarop die verf aangewend is, weerspieël ook die geweld van die oorlog en die desperaatheid wat in die nadraai ervaar is.

Enige ander geldige verbande tussen die werk en die Tweede Wêreldoorlog.

2.3 **Bloom se taksonomie Vlak 6: beredeneer**

- Dit lyk onwaarskynlik dat Duchamp sy werk sou geskep het, aangesien dit 'n direkte reaksie op die Eerste Wêreldoorlog was.
- Hy kon moontlik ook teen norme van die samelewing geprotesteer het, maar waarskynlik nie so uitermatig nie.
- De Kooning kon dalk tog op dieselfde wyse geskilder het, aangesien hy deur sowel Surrealisme as Duitse Ekspressionisme beïnvloed is.
- Aangesien sy manier van werk sy onbewuste weerspieël, sou hy waarskynlik vrouefigure op dieselfde wyse verwring het sonder die afgryslikheid van die oorlog.

Enige ander geldige punte.

VRAAG 3 KONSEPTUELE EN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE KUNS

3.1 **Bloom se taksonomie Vlak 2: herroep, kies, identifiseer, noem, beskryf, verstaan**

- ***The Gates*** deur Christo en Jeanne-Claude was 'n installasie van meer as 7 000 saffraankleurige staalrame met saffraanbaniere wat langs die paadjies in Central Park vir net 16 dae opgerig is voordat dit verwyder is. Hulle was plek- en seisoenspesifiek en kan net in dokumentasie gesien word.
- Enige ander nie-permanente werk van die betrokke tyd.
- 'n Baie meer permanente werk is ***The Golden Calf*** deur Damien Hirst. Dit is 'n beeldhouwerk of installasie waar 'n dooie wit kalf met goue horings en hoewe en 'n goue sfeer op sy kop in 'n goue glasvertoonkas op 'n marmerblok gehang is.
- Daar kan geredeneer word dat foto's permanent is en dat enige dokumentêr dus permanent is.
- Daar kan ook moontlik geredeneer word dat alles nie-permanent is.

3.2 **Bloom se taksonomie Vlak 4: ondersoek, onderskei, bespreek**
Vlak 5: ontleed, vergelyk, kontrasteer
Vlak 6: evalueer

- Die installasiemetode in *The Gates* plaas die rame in 'n plek wat bekend vir besoekers na die park is, terwyl *The Golden Calf* in 'n galery is.
- Daar is so baie hekke dat hulle die voorkoms van die wandelpaaie fundamenteel verander.
- Hulle word 'n reeks hekke waardeur mense beweeg, dus word die ervaring van loop ook verander.
- Hulle is in kontras met die landskap met hul geometriese vorm en helder kleur; dit trek mens se aandag na hulle toe en na die proses van om deur hulle te beweeg.
- Die bewustheid van beweging word deur ***The Gates*** versterk en beklemtoon die bedoeling, wat was om hulle eerder te ervaar as om hulle bloot te sien.
- Die bedoeling van die werk is die ervaring.
- In kontras is ***The Golden Calf*** 'n permanente objek.
- Die materiaal waarvan dit gemaak is, is beide permanent (goud en marmer) en nie-permanent (die dooie kalf).
- Deur hierdie afgodsbeeld te skep, het Hirst iets geskep wat die afgodediens rondom rykdom ondersoek, maar ook iets wat organiese materiaal bevat wat nie permanent kan bly nie.
- In kontras met Christo en Jeanne-Claude, is dit 'n verkoopbare objek, maar daar kan nie daarop staatgemaak word dat dit sal hou nie.
- Die werk is nou 20 miljoen pond werd, wat beteken dat die idee van verafgoding van rykdom bevestig is.
- Dit is 'n objek en nie 'n ervaring nie.
- Soos baie van sy werke, bevat dit terselfdertyd die idee van lewe en gebrek aan lewe.
- Die gebruik van die werklike kalf kan so skokkend wees dat dit 'n ervaring vir die kykers kan word.

3.3 **Bloom se taksonomie Vlak 6: evalueer, tot gevolgtrekking kom**

- Daar kan 'n tradisionele verwagting wees dat indrukwekkende kuns permanent is, maar ***The Gates*** is nie permanent nie, so ook is ***The Golden Calf*** ook nie heeltemal permanent nie.
- ***The Gates*** bevraagteken ons begeerte om aan die verlede vas te hou en dwing die besef af dat ons nie permanent is nie.
- Dit daag die tradisionele idee van eienaarskap uit, aangesien dit nie besit kan word nie.
- Dit bied aan die kyker 'n alternatiewe ervaring van kuns waar die nie-permanensie die punt is.
- ***The Golden Calf*** daag ou leefstelsels uit, aangesien dit nie deur die kunstenaar gemaak is nie en dit nie tradisionele materiaal gebruik nie.
- Dit is 'n manifestasie van 'n idee van die kunstenaar, maar selfs dan daag dit nie ou stelsels uit nie omdat dit bestaan en besit kan word.
- Dit gebruik materiaal wat nie tradisioneel is nie en waarvan die etiek uitgedaag kan word en wat die moraliteit van mense in die wêreld kan bevraagteken, maar dit dra nie baie by om ou leefstelsels uit te daag nie.
- Dit bied 'n permanente objek wat uiteindelik sal verweer weens die gebruik van 'n regte kalf – daar kan dus geredeneer word dat dit eintlik nie-permanent is.

Enige geldige antwoord wat spesifiek tradisie uitdaag.

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA

4.1 **Bloom se taksonomie Vlak 4: pas toe, demonstreer**

- In Afbeelding F toon Mofokeng mense en 'n bus in 'n landskap – dit is alledaagse dinge.
- Al die mense is swart en dit is 'n landelike toneel.
- Die perspektief waaruit hy die alledaagse toneel fotografeer isoleer die mense en gee hulle impak.
- Daarby wek die diagonale lyn van figure wat in 'n leë landskap loop emosies op en skep 'n gevoel van wanhopigheid.
- Die toneel is 'n weerspieëling van die alledaagse lewe waarmee baie swart kykers en enkele wit apartheidsaktiviste vertroud is. Vir 'n algemene wit gehoor is die toneel dalk onbekend en vreemd.
- Hierdie alledaagse groep mense vergestalt die gevoel van skeiding tussen verskillende rasgroepe.

Enige ander geldige ondersoek van die werk.

4.2 **Bloom se taksonomie Vlak 2: kies, beskryf, verstaan**

- Penny Siopis, ***Patience on a Monument – A History Painting,*** is 'n skildery van 'n swart vrou wat op 'n hoop gemors sit, in 'n oënskynlik oneindige landskap, wat 'n suurlemoen skil.
- Helen Sebidi, ***The Child's Mother Holds the Sharp Side of the Knife***, 'n werk van gemengde media van skets- en collage-elemente wat oorvol is met gefragmenteerde figure en diere.

Enige voorbeelde wat alledaagse beelde bevat.

4.3 **Bloom se taksonomie Vlak 3: bespreek, onderskei**
Vlak 4: pas toe
Vlak 5: ontleed

- Siopis wys 'n alledaagse toneel van 'n vrou wat 'n vrug skil.
- Die hoop waarop sy sit, bestaan uit historiese objekte: 'n versameling kuns en boeke wat deel van die apartheidsamelewing was.
- Sy bied dit bloot aan ons, maar die hoop laat dit soos gemors lyk, hoewel dit destyds van waarde geag sou gewees het.
- Die landskap kan geïdentifiseer word as bestaande uit beelde van apartheidshandboeke, wat toe heeltemal normaal en aanvaarbaar was.
- Deur die boeke op te skeur, verwyder sy hulle van 'n plek van waarde en geldigheid, en wys dat die diskriminasie in die boeke die landskap of die werklikheid van hierdie tydperk word.
- Die geel kleur integreer die beelde en dit lyk asof dit 'n eindelose landskap van geskiedenis skep.

Enige geldige formele en/of konseptuele bespreking van alledaagse onderwerpe wat 'n meer ondermynende boodskap het.

- Sebidi gebruik mense en diere as haar onderwerp, maar fragmenteer hulle deur hulle letterlik op te skeur.
- Hierdie fragmentasie hou verband met die fragmentasie van gemeenskappe en families onder apartheid.
- Die gebrek aan ruimte en die engtevrees vergestalt die beperkte ruimte van die Groepsgebiedewet.
- Die letterlike skeur weerspieël die begeerte van die destydse regering om die moraal van mense van kleur te verswak en vernietig ten einde wit oorheersing te handhaaf.

- Die chaotiese kleur en merke met groot hale gemaak, druk diepe pyn en ontreddering uit.
- Die gefragmenteerde vorms laat ons oë oor die oppervlak van die werk beweeg en nêrens rus nie; dit weerspieël die spanning wat mense ervaar het wat nie toegelaat was om te rus nie, weens paswette en voortdurende beperkings.

Enige geldige formele en / of konseptuele bespreking van alledaagse onderwerpe wat 'n meer ondermynende boodskap het.

4.4 **Bloom se taksonomie Vlak 5: vergelyk, kontrasteer**
Vlak 6: evalueer, beoordeel, motiveer

- In Afbeelding F bied Mofokeng aan 'n wit kyker 'n beeld wat onbekend is en vra die vraag, "Waar was jy?", wat die kyker dwing om sy of haar persoonlike posisie gedurende hierdie tyd te erken.
- Die alledaagse onderwerp word maklik deur die kyker herken, maar dit is nie noodwendig maklik om daarby aansluiting te vind nie, aangesien dit buite die ervaringswêreld van baie kykers is.
- In 'n mate neem die onderwerp 'n hipotetiese wit kyker van 'n verwagte toneel van 'n begrafnis in 'n kerk in die stad na 'n heeltemal wilde en oop landskap.
- Wit bevoorregting sal baie kykers as waarnemers plaas eerder as deelnemers.
- In Siopis se werk bevraagteken sy bevoorregting direk deur 'n swart vrou, wat die laagste sosiale stand en mag gedurende apartheid sou gehad het, letterlik bo-op die hoop te plaas.
- Sy vererger dit verder deur haar direk op die hoop historiese artefakte te plaas wat voorheen simbole van 'n sekere mag in die apartheids-regering was.
- Dit dwing die kyker direk om verwagtings wat hy/sy sou kon hê oor magsdinamika, te heroorweeg.

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE KUNS (POST-1994)

Idees oor moontlike antwoorde wat ons kan teenkom:

- Daar kan 'n sterk argument wees dat sonder konflik kunstenaars geen onderwerp sou gehad het nie en dat alle kuns op konflik reageer.
- Daar kan 'n antwoord wees wat die persoonlike en die politieke onderskei. Kom konflik van kwessies in die samelewing of van binne af?
- Is daar enige manier om hierdie interne en eksterne konflikte te skei?
- Die argument kan bestaan dat kuns na vore kom en iets mooi skep, of nie, ten spyte van konflik en dat dit nie konflik weerspieël nie.
- Daar is 'n idee dat kuns in die samelewing as 'n monitor van die groter wêreld en botsende sienings moet funksioneer.

Argument VIR konflik wat 'n katalisator is:

Daar is sommige kunstenaars vir wie kuns direk uit konflik kom en op baie maniere hul bestaan aan konflik te danke het. 'n Duidelike voorbeeld hiervan is die werk van Thania Petersen ***(A)*** in haar gemengdemedia- geborduurde stuk; ***Of Birds and Trees and Flowers and Bees***. ***(W)*** Die gemengdemedia-stuk toon 'n swart garedraad wat oor die foto van 'n kleurvolle bidmatjie wat met helderkleurige, dekoratiewe blare en voëls gedruk is, geborduur is. ***(DES)*** Sy weerspieël direk konflik oor haar godsdiens en protesteer in 'n groot mate teen hoe absolutisme besig is om die skoonheid van Islam te vernietig. ***(I)***

In hierdie werk bied sy aan ons die beeld van 'n bidmatjie, 'n sterk en herkenbare simbool van Islam. ***(F)*** Die ontwerp op die mat is simmetries met 'n dekoratiewe patroon van blare en voëls. ***(F)*** Dit is helderkleurig met aanvullende bloue en oranjes wat 'n gevoel van lewendigheid en lewe skep. ***(F)*** Dit herroep die Moslem-tradisie van mosaïek en matte wat bykans 2 000 jaar terugstrek. ***(F)*** Die werk is heeltemal plat en bestaan uit tweedimensionele vorms wat herhaal word om 'n patroon te skep. ***(F)*** Die swart borduurwerk wat van die onderkant van die mat boontoe beweeg, lyk asof dit die skoonheid en kleur in die mat verswelg en vernietig. ***(F)*** Ons sien tonale gradering/nuansering van suiwer swart aan die onderkant wat boontoe verdof asof die swart in die skoonheid en kleur insyfer, en dit sodoende vernietig. ***(F)***

Petersen weerspieël die konflikte binne Islam in hierdie werk asook die toenemende idee dat alle Moslems fundamentaliste is wat gevrees moet word. ***(DA)*** Die skoonheid en goeie in Islam word in die skoonheid van die mat en sy funksie in gebed vergestalt. ***(F)*** Godsdienstige ekstremisme of fundamentalisme word vir haar in die swart klede vergestalt, wat 'n verwagting van godsdienstige nalewing word en wat ook met konflik in die wêreld geassosieer word en die assosiasies wat baie mense met Islam het. Hier suiwer sy die idee van die swart klede in die stygende gety van swart in haar borduurwerk. ***(DA)*** Sy beskou haar godsdiens as goed, maar maak ons bewus van die druk van binne Islam en die druk oor konflik en terrorisme in die wêreld wat iets wat mooi behoort te wees, vernietig. ***(DA)***

Petersen gebruik die tradisionele skoonheid wat in haar godsdiens ingebed is om die bewustheid van die kyker na konflik binne Islam te trek en sy bevraagteken openbare persepsie oor inherente fundamentalisme binne Islam. ***(DA)***

Argument TEEN konflik as 'n katalisator en VIR kuns wat gemaak word ten spyte van konflik:

Die Suid-Afrikaanse kunstenaar Wim Botha ***(A)*** het in die verlede 'n paar baie kragtige stukke gemaak en ten spyte daarvan dat hy in 'n teenstrydige ruimte leef, het hy onlangs 'n uitstalling gehad waarin dit lyk asof hy skoonheid en tradisie verken. In hierdie uitstalling, getiteld ***Still Life with Flowers***, ***(W)*** het hy 'n installasie van olieskilderye en beeldhouwerke van okkerneuthout gehad wat lyk asof hulle met mekaar praat. Die skilderye is abstrakte spatsels kleur op seildoeke sonder 'n grondlaag terwyl die beeldhouwerke aan Klassieke Westerse beeldhouwerk herinner. **(*DES*)** Dit lyk asof die werk geen konflik in sy bedoeling weerspieël nie, maar die mate waarin dit waar is, kan aanvegbaar wees. ***(I)***

Hoewel die werk uit 'n land in konflik te voorskyn kom, weerkaats dit terug op 'n Westerse geskiedenis en Klassieke idees van skoonheid. Die skilderye is abstrakte kwasmerke in oorwegend warm kleure en herinner die kyker aan blomme ***(F)***. Op hul eie lyk elk van die doeke onvolledig, maar in die uitstalruime word 'n narratief geskep en ook 'n gevoel van beweging van die een na die ander ***(F)***. Daar is ook duidelike dialoog tussen die beeldhou-elemente en die skilderye. Saam is hulle soos fragmente en eggo's van Westerse Kunsgeskiedenis; 'n onvoltooide en gedeeltelik vernietigde geskiedenis ***(F)***. Selfs die titel is heeltemal sonder konflik en herinner aan die skilderye van die Weste ***(F)***.

Die olie van die verf sypel in die doek sonder grondlaag in wat dit 'n gevoel van iets wat onvoltooid of onderbreek is, gee ***(F)***. Die materiaal in al die komponente is onberouvol suiwer materiaal van Westerse kuns ***(F)***. Die materiale verteenwoordig hulself – hulle is die werk en bevat klein eggo's van tradisie ***(F)***.

Daar kan geredeneer word dat hierdie werk gemaak is ten spyte van die konflik op baie vlakke in Suid-Afrika. Dit verwys na 'n Westerse tradisie wat gegaan het oor skoonheid, balans en idealisme – dit word direk in die beeld van die werke en hul spore van Klassisisme weerspieël ***(DA)***. Daar is 'n gevoel dat materiale deel van 'n Westerse tradisie is en gebruik word om skoonheid te vergestalt ***(DA)***.

Aan die ander kant kan mens sê dat hierdie werk nie van konflik ontdaan is nie, dat dit in Suid-Afrika gemaak is in 'n postkoloniale, postapartheidsamelewing waarin die plek van Westerse tradisie bevraagteken word ***(DA)***. Miskien is die werk 'n tradisie wat nie net 'n eggo van die Weste is nie, maar doelbewuste ontbinding van Westerse tradisie ***(DA).*** Die tradisie is gereduseer tot fragmente en eggo's, aangesien daar nie meer 'n plek daarvoor hier is nie. Konflik kan in hierdie geval as die aandrywer beskou word ***(DA)***.

Enige argumente wat die mate waarin kunstenaars op konflik reageer evalueer of die moontlikheid dat hul werk ten spyte van konflik geskep word.

Puntetoekenning vir Vraag 5	
Drie kunstenaars ***(A)***	6 punte
Drie titels met kort beskrywings van werke ***(W)***	
Relevant feite ***(F)*** *(Let asseblief op: Skryf ses feite om vier punte per bespreking van elke kunswerk te bereik.)*	12 punte
Ontwikkeling van argument ***(DA)***	12 punte

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2020